# Liturgiese Riglyne

**S O N D A G O G G E N D 08:00 EN 09:30**

**Dag van Verootmoediging**

## God se tranefles

**Skriflesing:**
Psalm 56

**Teksvers:**
Psalm 56:9

**Sing:**
Ps 146:1,2,3,8
Ps 32:1,3,6
Ps 130:1,2,4
Ps 51:1,8
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

Vandag geld in die kerkverband (GKSA) as 'n algemene dag van verootmoediging van die kerk voor die Here. Ons wil onsself persoonlik en gesamentlik voor die grote God verneder en om sy genade smeek. Dit moet ons doen met trane! Eerlike trane van selfverloëning en sondebelydenis.

Volgens die psalm van Dawid het die Here 'n simboliese fles waarin Hy ons trane opvang en bêre om dit heeltyd in gedagte te hou. Die Here ken jou trane! Al jou trane. Self het Hy ook trane oor ons gestort. Gaan met al jou trane na die Here toe.

**S O N D A G A A N D 18:00**

## Die Ewige Vader van ons Here Jesus Christus is ook ons Vader

**Skriflesing:**
Psalm 33

**Teksvers:**
Psalm 33:6, 12, 18, 20-22

**HK** Sondag 9

**Sing:**
Ps 147:1
Sb 12-2:1
Ps 68:9
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Gerrit Kruger

Seker een van die belangrikste vrae in jou lewe is, hoe dink jy oor God? Is God vir jou werklik so groot, almagtig dat ons nie anders kan as om in ontsag voor Hom te buig nie, of dink jy klein en aards van God? Maar God is nie ver van ons af nie. God is ook elkeen wat in Hom glo se persoonlike God en Vader. Hy sorg vir jou! Hy is lief vir jou! Hy dra jou elke dag!

Ons gaan na drie sake kyk:

1 God is my Skepper v. 6
2 God is my Versorger v. 18
3 God is my Beskermer v. 20-21




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

**Jaargang 46 Nr 26 15 Augustus 2021**

Webblad: http://www.gkcenturion.co.za


# Die Brullende Leeu

"*Wees nugter, wees wakker! Julle vyand, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind. Bly standvastig in die geloof en ...*" - 1 Petrus 5:8

Die laaste waarskuwing van die ou apostel Petrus aan die kerk in die wêreld is om nie in die illusie te leef dat julle welkom moet voel in hierdie wêreld nie. Vanaf die heel eerste woorde in die brief dra die lesers die identiteit van "*vreemdelinge*" (1 Pt 1:1). Hier kry die skrywer van die Heid Kategismus ook die feit dat ons drie aartsvyande/doodsvyande het nl. die duiwel, *die wêreld* en ons eie sondige natuur (Vr en Ant 127, Sondag 52).

Daarom word ons opgeroep tot waaksaamheid. Letterlik sê die apostel dat ons nie onder die invloed (dronk) moet wees van die teorieë en idees (ideologieë) van die tyd nie. Ons is van 'n ander koninkryk en moet ons gedagtes skoon hou van die wêreld. Dit sal daartoe lei dat ons deur die wêreldse mense gehaat word, en dus verwerp en vervolg word. Daar is 'n komplot teen die kerk. Julle moet nie in die illusie leef dat die owerheid(e) ons voordeel in gedagte het nie. Jy moet nugter wees beteken dat jy mooi moet nadink oor wat werklik aan die gang is!

Dit is dan duidelik dat die duiwel ons teenstander/vyand is. Hy weet dat hy nie teen die Leeu van Juda opgewasse is nie. Hy kan God nie teenstaan nie. Nou vat hy sy kant op die mense van God se koninkryk. Die draak is die teenstander (satan) en die duiwel en slang van ouds (Op 12:9) en hy staan die vrou, d.i. die bruidskerk van Christus teen.

As ons hom weerstaan sal hy wegvlug (Jak 4:7)! So het Jesus in die woestyn hom weerstaan en hy het gevlug. Maar so het die Leeu van Juda aan die kruis gebrul en die duiwel en sonde en die dood verslaan. Die duiwel weet dat hy min tyd het, want hy is die gekweste leeu (Op 13:3). Dit maak hom nog gevaarliker.

Wees dus wakker. Waaksaam. Maak jou geloof en dié van jou kinders standvastig deur die Woord te ondersoek en te glo en te leef en openlik teen die wêreld in te getuig. En die Here sal jou seën en jou deur die wapenrusting van God (Ef 6) die krag gee om staande te bly.

*En wie tot die einde toe volhard sal gered word* (Mat 24:13).

Ds Maarten

## *ALGEMENE INLIGTING*
### *EREDIENSTYE*

Meer as oorwinnaars!

Die volgende eredienste word uitgesaai op tye soos aangedui:

Afrikaanse Oggenddiens: 08:00 en 09:30

Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Telefoon: 012 664 2614
Epos: kerkkantoor@gkcenturion.co.za

Basdenlaan 226
Lyttelton
0140

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855

Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595

Ds Lourens Venter: 082 529 2330

---

**KLEINGROEPKOMMISSIE:** Riaan van Schalkwyk Riaanvs.home@gmail.com 072 436 4763.

**KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES: www.gkcenturion.co.za.**

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins @gmail.com.

**EREDIENSTE OP CD** oudio-opname van 'n erediens: Johann Verreynne 082 554 9416

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

---

***Maandelikse bydraes dmv EFT***

***Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*



## VAN DIE KERKRAADSTAFEL

**Onthef van die Roeping as: Ouderling:** Wouter Styger, Carel Impey, Bennie Kotze

**Ontslag** word toegestaan aan oudl Jan Venter.

### Attessake 1 Junie tot 10 Augustus 2021

**Met attestasie aangesluit**

Mukesh Kumar vanaf GK Die Bult (E01)

Naldo Kent vanaf GK Potchefstroom (B06)

**Met attestasie vertrek**

Marsha Bronkhorst na GK Wonderboom-Suid (A04)

Piet en Mariza Mosca en 2 dooplidmate na GK Bloemfontein-Noord (C08)

Stefan en Ria Maritz na GK Rustenburg Noord-Oos (B08)

**Gemeenskap beëindig**

Clarina Vorster na NG Kerksondermure (C09)


## BYBELS BESKIKBAAR

Bybels in al die amptelike tale is tans beskikbaar by die kerkkantoor: R135 (hardeband) en R70 (sagteband). Bevestig asb vooraf met kantoor dat die Bybels wel beskikbaar is.

U moet asb die **korrekte bedrag in die kerk se rekening inbetaal** en die bewys van betaling saambring om u Bybel te ontvang.

Kerkkantoor sal oop wees vir die afhaal van die Bybels Di, Do en Vry tussen 09:00 en 11:00.

**Kerk se bankbesonderhede**:
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton; Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409
Verw: **Biblos + Jou Naam**



## GTA STAPTOER
## 23-26 SEPT 2021

**Alle Tieners**: Kom stap saam die Fanie Botha in Graskop/Sabie op 23-26 September en beleef die skoonheid van God se skepping.

**Koste R550** pp vir 4 dae. Beperkte plekke.

Kontak asb ds Lourens by 082 5292 330



# VERJAARSDAE

### BELYDENDE LIDMATE

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Aug-21 | Marijke | Mostert | A02 | 27846029594 |
| | Petro | Oosthuizen | A16 | 27824034053 |
| | Leon | Venter | C01 | 27824557149 |
| Aug-21 | Esther | Ferreira | B12 | 27724476716 |
| | Antoinette | Jv Vuuren | B04 | 27825691882 |
| | Christiaan | Oosthuizen | A04 | 27824154507 |
| | Miekie | vd Merwe | C10 | 27825658982 |
| 17-Aug | Wessel | Brits | B15 | 27724478230 |
| | Ment | Deist | B15 | 27724136860 |
| | Hester | Enslin | C02 | 27825703602 |
| | Hein | Kaiser | C06 | 27827727718 |
| | Cassie | vd Walt | B11 | 27823722434 |
| 18-Aug | Winy | du Preez | B08 | 27835250439 |
| | Bets | Kotze | C05 | 27723458304 |
| | GP | Smidt | C09 | 27825667633 |
| | Sonja | vd Dussen | B17 | 27824137809 |
| 19-Aug | Lukas | du Preez | B08 | 27791094553 |
| | Carina | Koch | C08 | 27724428655 |
| | Wynand | Loots | A08 | 27844717525 |
| | Magda | Pelser | A05 | 27827808746 |
| | Gerrie | Viljoen | B15 | 27823784972 |
| 20-Aug | Marlize | Bond | B04 | 27832599446 |
| 21-Aug | Quinton | Pretorius | A12 | 27820605444 |

### DOOPLIDMATE

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 16-Aug | Schalk | Bessinger | B09 | 27827718119 |
| 17-Aug | Wian | van Niekerk | A09 | 27814546588 |
| 18-Aug | Ruben | Venter | A16 | 27825622431 |
| 19-Aug | Elizmari | van Rooy | A01 | 27828264850 |
| 20-Aug | Anneme | Venter | A04 | 27714855995 |
| | Wilmie | Venter | A04 | 27714855995 |
| 21-Aug | Leah | Erasmus | B09 | 27833566579 |

## Erediensbywoning

Die ondergenoemde wyke word hartlik uitgenooi om die eredienste by te woon, op tye soos aangedui. Om aan die nodige wetgewing te voldoen word lidmate gevra om **BY DIE AANGEDUIDE WYKE EN TYE, TE HOU.**

Oggenddienste is om 08:00 en 09:30 en aanddiens om 18:00. Die Engelse erediens vind plaas om 11:00, u is welkom om dit by te woon.

Ons versoek dat lidmate bo 60 en hoë risikogevalle baie versigtig moet wees en eerder hul eie veiligheid in ag moet neem.

Lidmate wat eredienste bywoon, word versoek om asb mekaar se veiligheid te respekteer en die nodige afstand en protokol te handhaaf deur maskers te dra en nie af te haal tydens die diens nie, en deur hande te saniteer.

| 15-Aug | | |
|---|---|---|
| **08:00** | **09:30** | **18:00** |
| A13 tot A14 | A15 tot A16 | A01 |
| B13 tot B14 | B15 tot B16 | B17 tot B19 |
| C13 tot C14 | C15 | C01 |
| **22-Aug** | | |
| **08:00** | **09:30** | **18:00** |
| A02 | A03 tot A04 | A05 tot A06 |
| B01 tot B02 | B03 tot B04 | B05 tot B06 |
| C02 | C03 tot C04 | C05 tot C06 |
| **29-Aug** | | |
| **08:00** | **09:30** | **18:00** |
| A07 tot A08 | A09 tot A10 | A11 tot A12 |
| B07 tot B08 | B09 tot B10 | B11 tot B12 |
| C07 tot C08 | C09 tot C10 | C11 tot C12 |

**Centurion Christelike Laerskool** beskik oor 'n Intersenfase-onderwyspos. Volledige CV's saam met kwalifikasies en ten minste twee onlangse verwysings kan gestuur word aan: skool@lscenturion.co.za. Sluitingsdatum 27 Aug



# *Ons gee om vir Mekaar*

*"...die Here sal my onder sy sorg neem."* Ps 27:10

- Elize Impey sterk tuis aan (B18—076 449 3444).
- Voorbidding word gevra vir Hennie Lee wat die week begin met voorbereiding en bestraling vir beenmurgoorplanting in Wilgers hospitaal (A9—072 536 4525).
- Meelewing word betuig met Cathy de Klerk en familie na die afsterwe van Cathy se vader.

***ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

**'n Hartlike woord** *van dank aan elkeen wat ons gesin ondersteun het die laaste twee weke, vir elke gebed, oproep, boodskap of ete. Ons kon as te ware beleef hoe die Here ons gedra het in en deur die meelewing van ons gemeente. Liefdegroete, Lourens, Sanmari, Wilmie, Annemé, Luanri en Hanné.*

*Want daar is een God,*
*en een Middelaar tussen God en die mense:*
*die mens Christus Jesus,*
*wat Homself as losprys*
*vir almal gegee het,*
*tot getuienis op die bestemde tyd.*
*1 Timoteus 2:5 en 6*

## Alethea Outreach 11:00

Worship Service

Like us on facebook: https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

## KOLLEKTES

Gebruik asb die Zapper vir die volgende kollektes:

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Mukhanyo student

**Volgende week:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Jeugsorg

U kan u kollektes in die kerk/diakonie se rekening inbetaal indien u nie van die Zapper gebruik maak nie

Neem asb kennis: miv 1 Januarie 2021 is tjeks as 'n betaalmetode gestaak.

**Van der Walt huisonderhoud—**Vir enige herstelwerk, verfwerk; teëlwerk; badkamers; staalwerk; sekuriteitshekke en diefwering; plaveisel; dak-waterseëling; palissades; bouwerk; ens. Vir gratis kwotasie skakel Hennie vd Walt 0829274326/ hj2vdwalt@gmail.com.

Sukkel jy om maandeliks jou **skuld en lopende uitgawes** te betaal? Voorkom regsaksies en neem nou beheer oor jou finansies. Vir 'n GRATIS konsultasie kontak Petra Swanepoel Streamline Debt Counselling vir persoonlike hulp. GEEN "call centres". Jou privaatheid is vir ons belangrik. Tel 0829277324 of petra@streamlinedebt.co.za.

**Verkoop u, u huis?** U kan my aanstel as u oordrag prokureur. Onthou dit is die verkoper se keuse. Pieter Wolmarans 083 949 8899.

**Is jou huis in die mark of soek jy 'n nuwe huis?** Ek het baie kopers wat in Centurion wil koop. Jaco Wattel Veritas eiendomme 082 854 1430.

**Liewe Tiener**, Ek wil graag help om jou selfvertoue te verbeter met jou **Handelsvakke**: Rekeningkunde, Ekonomie en Besigheidstudies. Ek het ervaring in Nasionale senior sertifikaat, IEB en Cambridge. Gaan kyk asb na my web: tauwi.co.za (Tutoring as you want it). Ons kan aanlyn werk of aan huis. Carina vd Dussen 082 374 2780.

**Bekostigbare hoender, kouevleise, groente, neute, sade en vele meer**! Besoek gerus ons webwerf www.dekarmenaadjie.co.za of skakel Annlia 083 324 1893 of Elzette 083 690 2364.

**Tuinman Steven soek werk** in Lyttelton/Kloofsig omgewing vir Woensdae en elke 2'e Donderdag. Baie betroubaar. Kontak Hein Kaiser by 082 7727

## K e r k k a m p

**8-10 Oktober,**

Udolpho Rivierplaas, Parys
(www.udolpho.co.za)

Tariewe is soos volg:

- Kampstaanplek: R380pn vir 5 persone
- 5 Bed chalets R800pn
- 4 Bed chalets R640pn

Belangstellendes kontak
PW Groenewald 082 899 0342

## Die Skep-Hoop-Fonds

Die Skep Hoop Fonds is aan die begin van Covid pandemie geskep om uitsluitlik mense in ons gemeente by te staan wat as gevolg van die pandemie finansiële nood het.

Sedert die fonds geskep is, is 'n bedrag van R614,584 ontvang waarvan R398,596 reeds uitbetaal is aan gemeentelede in nood.

Ons wil elke lidmaat wat bygedra het tot die fonds bedank. Ons versoek dat u sal aanhou bydra aangesien die gevolge van die Covid pandemie steeds diep sny en daar heelwat mense is wat swaarkry.

Kontak asseblief u ouderling, diaken, predikant of die diakoniebestuur vir verdere inligting of indien u hulp nodig het.

Marius Gerber 082 327 2949
Rudy Kruger 082 466 6035
Petra Swanepoel 082 92 77324
Theuns Louw 082 815 4275
Drikus van der Walt 060 569 2608

## Kerkkantoor-ure

Die kerkkantoor word beman op: Dinsdae, Donderdae en Vrydae tussen 09:00 en 11:00.

Indien u die kantoor dringend benodig vir administratiewe doeleindes, buiten die bg dae/tye, skakel Ellouis (Ma-Vry tussen 09:00-14:00) by:

**060 696 7373**



**Besorg asb die blompot terug indien u Sondag die ruiker ontvang het. Dankie.**



# *Katkisasie*

Tans gaan ons nog nie weer by die kerk Laerskool katkisasie hou nie, ons sal laat weet sodra dit moontlik is. Hoërskoolklasse is Sondae om 16:30.

Die onderwysers is egter weer gereed om te help, op Google Classroom of WhatsApp. Kontak gerus vir Pieter van der Dussen (082 416 7188/vddussenpieter@gmail.com) vir meer inligting.

Die rooster vir die res van die jaar is as volg, probeer asseblief hierby hou. Ondersteun julle kinders met die werk.

| | | |
|---|---|---|
| 15 Aug: Les 15 | 22 Aug: Les 16 | |
| 29 Aug: Les 17 | 5 Sep: Les 18 | 12 Sep: Les 19 |
| 19 Sep: Les 20 | 10 Okt: Les 21 | 17 Okt: Les 22 |
| 24 Okt: Les 23 | 31 Okt: Les 24 | 7 Nov: Les 25 |
| 14 Nov: Katkisasieafsluiting in die kerk | | |

**Gr 8 -11 soos gereël deur onderwyser**

## Oproep—Dag van verootmoediging en gebed: Sondag, 15 Augustus

Klassis Potchefstroom roep kragtens KO art 66, na aanleiding van 'n versoek van die GK Randburg, al die kerke in die GKSA tot 'n dag van verootmoediging en gebed op Sondag, 15 Augustus op.

Die motivering vir die dag is soos volg:

1. Die Covid-19 pandemie wat die wêreld geruk het en ook in Suid-Afrika en Namibië die GKSA diepe hartseer veroorsaak het.
2. Die ongebreidelde kriminaliteit en plundery van winkels en infrastruktuur wat Suid Afrika die afgelope tyd teister. Voorbidding word veral gedoen vir die gemeentes en gemeenskappe in KZN en Gauteng wat intens hierdeur geraak is.
3. Stryd teen misdaad, ekonomiese bemagtiging van groot dele van die bevolking, tussenetniese versoening en verbetering van owerheidsdienste en handhawing van wet en orde.
4. Dank vir milde reën oor groot dele van die land, maar ook 'n smeking vir genoeg reën vir droë gebiede soos dele van die Oos-Kaap en die Noord-Kaap is nodig.
5. Groter respek vir die skepping en die stryd teen uitbuiting van die natuur.

Allereers, en voor enige gebedsversoeke, gaan dit oor lof aan God vir Sy genade jeens die sondige mensdom, en diepe verootmoediging en bepleiting van ons sondeskuld op grond van Christus se eenmalige kruisoffer.